
WRAAK TREK
OOR DIE SAHARA
Sandbergh Beyers

# WRAAK TREK OOR DIE SAHARA

*deur*

**SANDBERGH BEYERS**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand
2021

# Wraak trek oor die Sahara

Voorbladskets is ’n nuwe voorblad vir hierdie tweede uitgawe in die reeks, maar in e-boek formaat.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

WRAAK TREK OOR DIE SAHARA
deur Sandbergh Beyers

ISBN 978-1-928498-82-7

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2021)
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

## OPSOMMING

Tex het aangesluit by die Franse Vreemde Legioen in die magtige Sahara woestyn, op soek na weerwraak teenoor ’n Duitse offisier wat sy broer as krygsgevangene in Tweede Wêreld oorlog wreed vermoor het. Gou word hy genader deur ’n paar mede-soldate om uit die legioen te dros. Hy weier aanvanklik, maar dan tree die noodlot in en dit noodsaak hom om wel te dros saam met sy makkers, om so die lewe van ’n beeldskone vrou te probeer red. In die warm woestyn kruis se pad onverwags met die man wat hy sy lewe lank al na soek, maar dinge loop heeltemal skeef vir hom en sy vriende en moet hulle voortdurend veg vir oorlewing.

**UITTREKSEL**

Sy groot hande skiet uit en hy gryp sy aanvaller se been om sy enkel en net onder sy knie. Terselfdertyd buk hy effens en maak sy volle krag los. Asof met ’n towerkrag, gaan Le Clerq se liggaam weer in die lug op en nogmaals kom hy met ’n dowwe slag teen die muur aan. As hy kop-eerste grond gevat het, was hy so uit soos ’n kers, maar sy skouer tref die muur eerste en breek die krag van die val. Hy kom steierende terug, nou met moordlus op sy gesig. Hy is nou daarop uit om hierdie lang skraal Amerikaner disnis te loop.

Dit is ’n eienaardige geveg daar tussen die naakte en halfnaakte kêrels wat pas uit die vere gespring het.

Le Clerq bly aanval met vuiste en voete, met enigiets wat hy in hande kan kry. ’n Paar sekondes wyk die groot kêrel uit Texas bietjie terug. Hy is nie haastig nie. Hy laat die Fransmannetjie homself moeg spook. Nou sien hy dat Clerq se blus sowat uit is. Hy tree nader, sy groot arms swaaiend, sy skouers in ’n masjinale, ritmiese beweging. Links-regs... regs-links. Die spul skreeu as Clerq se kop so terug ruk onder die aanslag van daardie ystervuiste. Nog ’n paar... en dan lyk dit of die klein verraaier se oë glasig word. Hy probeer terugveg, maar sy krag is meteens weg.

# WRAAK TREK OOR DIE SAHARA
## Hoofstuk 1
Sy nou, grys oë is nou moeg van staar oor die glinsterende sand en hy kyk hier voor hom. Daar hardloop ’n mier rond, in sy eie skaduwee, want die Sahara-son is reg bo. Die mier is nou op die kant van ’n klein gaatjie in die sand en byna trap ’n groot soldatestewel op die mier. Die Amerikaner se hand skiet uit en gryp die soldaat se been en druk dit weg.

“Wat die duiwel...?” sê die ander soldaat wie se been die Amerikaner vashou. Op daardie oomblik bereik die mier die middel van die gaatjie in die sand. Meteens is daar ’n klein ontploffing en die mier verdwyn onder die sand in.

Die groot Amerikaner, met sy koel, grys oë, kyk van die sand af op. Oor hom staan ’n ander soldaat van die Franse Vreemde Legioen met sy blou mondering.

“Het jy dit gesien?” vra die Amerikaner en sy groot, benerige hand beduie in die rigting van die gaatjie waarin die mier verdwyn het.

“Ja,” sê die soldaat wat daar staan. Hy is ook ’n Amerikaner, blas, bruin-ogie, terwyl sy maat op die grond lig is met grys oë.

Hulle kyk nou albei na die gaatjie, want as jy in die Vreemde Legioen is, hou jy vas aan alles wat jou aandag gevange hou, al is dit ook hoe nietig. Dit is veral die geval op ’n hel-mars soos hierdie.

Die lang, bonkige Amerikaner draai op sy sy en hy kyk weer na Le Clerq, die Fransman wat sy land verraai het. Le Clerq het klaarblyklik genoeg gehad en hy ondersoek die woestyn sluiks. Dit beteken dat daar nou ses van hulle

is, dink die Amerikaner en daar kom ’n siniese plooi om sy lippe. Dit is wat vier uur se ononderbroke mars aan ’n man doen, onder die genadelose son, met ’n rugsak byna so swaar as jyself. Pleks dat hulle gebruik maak van die klein rustyd, loop hierdie paar Legioen-soldate in die warm sand rond en hulle soek na moontlikhede...

Die Amerikaner steek sy vinger onder die sand in waar die mier flus verdwyn het en hy trek ’n lelike dikpens vaal gogga daar uit.

“’n Mierleeu,” sê hy afgetrokke, “as ’n mier oor hom loop, is dit klaarpraat.”

“Daar is baie van hulle in hierdie woestyn,” sê die ander Amerikaner wat langs hom kom sit het en wat, strydig met sy hele aanskyn, die bynaam van Pronker verower het. “Net, hulle het twee bene...”

Die lang Amerikaner, wat uit Texas kom, kyk weer oor die sand en hy sien die kaptein, ’n ponie-kêrel en soos altyd, kyk hy na die rewolwersak van die offisier. “Dit is wat ek nodig het,” sê hy, maar hy spreek dit nie uit nie hy sê dit net tot homself. Sy hande gaan instinkmatig oor sy heupe waar hy in die verlede twee sterk rewolwers gedra het. Selfs nou, na al hierdie tyd, voel hy of daar iets makeer as hy hulle nie voel nie, die warm beweging as hulle sy heupe aanraak.

Meteens is daar beweging op die plek waar Le Clerq netnou was. Net, hierdie keer is dit nie Le Clerq nie dit is Jacques Duclos, byna ’n duimpie van ’n mens wat ’n vyand van die wêreld is net omdat hy so kort geskape is. Hy het op sy een knie neergesak en hy staar na die sand voor hom asof betower. Le Clerq en twee andere kom

vinnig nader, sê iets aan Duclos en dan sak hulle ook in die sand neer. Hulle hou hul bewegings so gewoon moontlik en hulle kyk onderlangs na waar die onderoffisiere in ’n groep rus.

Die Amerikaner uit Texas kom orent, maar stadig, weens die gewig van sy rugsak wat gewone siele nie mag afhaal nie omdat die gevoel in die Vreemde Legioen is dat so iets die dissipline sou benadeel. Gelyktydig begin Pronker praat, sagweg en konfidensieel want hy het nie opgemerk wat so skielik die aandag van sy metgesel getrek het nie.

“Tex,” sê Pronker, “die manne het my gestuur om met jou te kom praat.”

Sonder om na Pronker te kyk, sê Tex.

“Watter manne? Die Griek? Koeskof of die Rus?” Maar hy neem sy oë nie weg van die hurkende groepie ’n entjie van hulle af nie. Daar in die sand is iets wat hul aandag vashou, maar die Amerikaner kan nie uitmaak wat dit is nie. Al wat hy kan sien, is dat hulle onder mekaar fluister, terwyl hulle mekaar met die elmboë aandruk, asof hulle die een die ander aanspoor om iets te doen.

Le Clerq het ’n soort blinde moed, al het hy in die Tweede Wêreldoorlog vir die vyand gewerk. En daar doen hy nou iets, iets in die sand, met ’n snelle beweging van sy hande. Die Amerikaner vernou sy oë verder, in hewige konsentrasie, maar hy kan nie uitmaak wat gebeur het nie. Dan praat Pronker weer uit die hoek van sy mond en hy hou die onderoffisiere noukeurig dop terwyl hy praat.

“Dit is nie die Griek nie en dit is ook nie daardie gek Rus nie... Die manne van wie ek praat, is Louis die Kameel, Bonaparte en Planmaker.”

Almal Amerikaners, dink Tex, maar hy staar nog steeds na daardie groepie daar in die sand. Albert Cheauvin wat die bynaam van Trane verwerf het, het ’n tabakblik uit sy rugsak gehaal en hy is besig om dit vinnig leeg te maak. Hy gee dan die leë blik aan Le Clerq wie se vinnige, rukkerige bewegings aandui dat hy ongeduldig haastig is.
“Wat wil julle hê moet ek oor praat?” vra Tex slepend, met sy lae, moeë stem. Hy kyk stadig na die gesig van die soldaat wat skaars die naam van Pronker verdien want hy is alles behalwe ’n net kêrel en sy gesig is plat en blas en grof, met ’n byna onnosel uitdrukking. Tex is uitgeslaap. Hy was nie verniet in sy vaderland ’n “cowboy” nie. Hy fluister. “Wil julle ramme spore maak? Weet julle nie dat dros die gevaarlikste misdaad in die Franse Vreemde Legioen is nie?”
Pronker stoot sy tong oor sy droë lippe en sy vinnige bruin oë spring van die een figuur na die ander rondom hulle asof hy bang is dat hulle hom sal hoor praat en asof hulle dalk die beweging van sy dik lippe sal lees. Maar die andere is te besig om ’n bietjie kosbare rus te vang om na Pronker op te let.
Selfs Le Clerq en sy groepie het opgebreek en hulle lê nou op hul rugpakke en rus.
“Ja,” antwoord Pronker fluisterend en daar is ’n vasberadenheid op sy gesig en sy oë lyk desperaat.
“Ons gaan spore maak, net so gou as ons kan.” Sy hand beweeg vinnig omhoog en hy gryp aan die blou mou van Tex se mondering, pleitend en dringend. “Duusman,” sê hy met drang in sy woorde, “hierdie leër het ek nie voor smoel nie... ’n Amerikaner pas nie in hierdie leër nie.”

Tex hoor die woorde van sy makker, maar hy het ook nie versuim om te sien hoe dat die leë tabakblik uit Trane se hande in Le Clerq se hande oorglip nie... Hy kan dit nie verklaar nie, maar hy voel die aandrang van gevaar as gevolg van die bedrywighede van daardie klein groepie.

Pronker krap met vuil vingers aan die eerste stoppels van sy baard. Hy sê ineens. “Nog ’n rukkie agter die mure van Fort el Kwatra en ek is so mal soos ’n daler.

“Ek gaan vort, al bars die bottel ook...”

“Ek hou nie van die geselskap wat jy gekies het nie,” sê Tex en hy kan nie verder praat nie, want onder langs die linies is daar ’n beweging en dan kom daar die bulderende stem en almal weet wat dit beteken. ’n Sug gaan op van die tweehonderd man. Dit was erg genoeg om ’n halfuur in hierdie verterende hitte te lê, maar om nog vier uur lank in hierdie verderf te marsjeer, sal nog tien keer erger wees dit weet hulle maar te goed.

Hulle roer, kreunend en vloekend, draai om sodat hulle hande-viervoet staan voordat hulle orent kom onder die swaar rugpakke, en dan staan hulle daar in die sagte, hete sand van die Sahara-woestyn.

Die brandwagte wat opgestel was om te waak teen die aantog van Arabiere, kom teruggeslof. Tex vra van sy makker.

“Waarvoor het julle my dan nodig?”

Pronker sug en daar is eerbied op sy jong gesig want almal het eerbied vir hierdie stadige, innemende kêrel uit Texas wat nie by die Legioen pas nie omdat hy heeltemal klaarblyklik nie ’n swartskaap uit enige land kan wees nie. Almal weet die hierdie “cowboy” nie so ’n mislukking

van die lewe gemaak het dat hy hom hoef te kom begrawe in die hardste, mees genadelose leër op aarde nie. Manne fluister en hulle verwonder hulle oor die onderskeid tussen hulle self en hierdie Amerikaner en hulle wonder waarom hy hom in die Legioen bevind. Hy is nie die soort man wat so been-af agter ’n vrou sal word dat hy daaroor ’n gek van hom sal maak nie. Hy is lank en gespierd en bruin gebrand, ’n indrukwekkende kolos.

“Tex, jou ou vuilis, jy het iets wat ons nodig het, naamlik ondervinding.” Pronker praat met ’n ligte opgewondenheid, maar dan swyg hy eers, want hulle tree aan, vier diep, maar sy woorde, laag en dringend, hoewel effens opgewonde, draal om die groot Amerikaner se ore.

“Wat jy nie van woestyne weet nie, is nie die moeite werd om te weet nie,” fluister Tex vir Pronker.

“Die woestyne van Noord-Amerika, ja... maar nie hierdie ellendige sand-gemors nie,” beduie Pronker. “Jy kan in ’n woestyn leef waar ons andere die moord sal steek, Tex... Jy ken die doepa vir hierdie woestyn. Ons het jou nodig, Tex,” sê hy dan pleitend.

Tex wag totdat hy seker is dat Le Clerq na sy kant toe kom. Dan sê hy.

“Ek hou nie van jou maats nie, Pronker. Julle gaan in die selle beland net so seker as wat jy leef of so nie gaan die Arabiere van julle braaivleis maak. Los my uit, ou kat...”

Pronker, staan voor hom en uitkyk terwyl die kaptein op die groot wit hings aangery kom en die kaptein is so klein op die massiewe dier dat hy lyk soos ’n muis op ’n brood. Terwyl hy naderkom, skreeu en lawaai die offisiere om indruk te probeer maak.

Le Clerq staan kalm en los hier by Tex en Tex praat op sy manier Frans en sê, met sy koel grys oë op die klein Fransmannetjie.
“Ek verstaan daar is net twee goeters wat in hierdie sand kan leef...” Die Fransman verstyf by hierdie woorde en dit lyk of die bloed weggeloop het uit sy grys gesig. Hy draai sy kop stadig en sy oë, wyd van die skok, staar na die Amerikaner.
“Ja, net twee dinge en die een is ’n mierleeu en hy pla niks behalwe miere nie...” Die Amerikaner bly na die ongemaklike Fransman staar. Hy weet hierdie klein verraaier voer iets in die skild, net soos hy van die begin af gemeen het. Hy weet dit is diep en iets vuil want anders sal dit nie Le Clerq wees nie.
Die Amerikaner praat verder, sag en beskuldigend en dringend.
“Ek dink ek kan raai wat in daardie tabakblik is,” sê hy op sy dralende manier, “want ek glo nie jy stel besonder belang in miere nie jy weet, die blik wat Trane aan jou gegee het netnou, daar in die sand.” Hy praat op hierdie manier omdat hy nuuskierig is en hy wil graag uitvis wat die Fransman nou met so iets wil aanvang.
Nou is die groot wit hings byna op hulle, die klein, aanstellerige offisier gemaklik en luiters in die blink saal. Tex staar nou voor hom uit want hierdie offisier kan partykeer soos ’n rissie word en dit is min gesê.
Meteens voel die Amerikaner of ’n perd hom op die kruis geskop het en sy bene voel slap en kragteloos. Later het hy eers aangeneem dat dit die hef van ’n lang mes was wat

hom getref het. Hy val vooroor, met sy gesig in die warm, sagte sand en die groot rugsak druk hom vas.

Die wit hings skrik en steier op sy agterpote en Tex sien nog die swaaiende pote en dit smaak of hulle enige oomblik op hom gaan neerkom. As een van daardie skerp hoewe hom tref, is hy so dood soos ’n mossie... Hy probeer wegrol, maar daar is ’n verlamming in hom. Hy voel magteloos en die hoewe is bo hom. Skielik buk Pronker en gryp hom en ruk hom weg en dan is hy buite gevaar.

Die krag kom stadig in hom terug en eindelik is hy in staat om stadig orent te kom, stadig en steierende en wankelende. Hy kyk in die bebaarde gesig van Le Clerq, die mannetjie met die geheim.

Die kaptein skreeu en skel en probeer die hings tot bedaring bring. Hy is ’n klein mannetjie en nie ’n goeie offisier nie omdat hy soveel minagting vir sy manne het. Maar hy sit ’n perd soos ’n jokkie. Binne sekondes het hy die swetende, trillende dier weer onder beheer.

Hier kom die sersant-majoor nou aangery, woedend dat so ’n kabaal kan plaasvind op ’n parade waarvoor hy verantwoordelik is. Blikskottel! Wat is gaande as ’n soldaat nie op sy twee bene kan staan nie? Hy lawaai soos net ’n sersant-majoor kan lawaai. Ook die sersante kom aangehardloop en hulle skop eweveel lawaai op.

In die Franse Vreemde Legioen betaal dit om te raas en baie kwaad te word wanneer die kaptein in die omgewing is. Daar word gesê dat bevordering altyd gegee word aan die manne wat die hardste kan bulder en die kwaadste kan word.

Die sersant-majoor brul soos ’n halfwas-leeutjie en wil weet wat die Amerikaner wedervaar het. Tex staan doodstil, want hy ken die manier van doen in die Legioen. Hy weet dat hy sy mond moet hou, want daar sal al genoeg straf wees vir wat hy reeds gedoen het.

Hy staan doodstil op aandag terwyl die kaptein, die sersant-majoor, ’n luitenant en sersante hom uitkryt. Hy praat nie ’n woord oor die hou wat Le Clerq hom so goedsmoeds toegedien het nie. Hy maak net sy oë nou teen die verblindende weerkaatsing van die sonlig en hy pers sy lippe tot ’n dun lyn saam en hy wag dat die storm sy onvermydelike verloop moet neem.

“By Fort el Kwatra sal ons bietjie krag in die bene van die Amerikaner sit,” bulder die sersant-majoor.

Tex weet reeds dat hy sal moet gaan paksaal dra, in die hitte van die son, twee uur daagliks, ’n week lank.

Binne ’n week, beloof die sersant, sal daar soveel krag in die bene van die Amerikaner wees, dat hy nie weer maklik op parade sal opvou nie.

Hierdie sersant is ’n duiwelse vent wat behae skep in die barbaarsheid van die straf wat hy gewend is om op te lê. Nou is sy gesig rooi en geswolle terwyl hy vonnis vel oor die stil Amerikaner.

Die klein kapteintjie sit doodtevrede op sy perd en hy geniet die manier waarop die sersant die straf uitdeel. Sersant-majoor Ransconi is maar net een van hierdie Italianers wat nie mooi weet hoe om te was nie, maar die kaptein meen dat die straf wat hy voorskryf, die regte is en dat dit hierdie lang kêrel sal leer om nie weer onder die

hoewe van ’n perd te beland terwyl hy op parade is nie. Liewe deug, die dier kon struikel en sy been breek.

Mettertyd waai die storm oor, die linies staan stil en reguit en dan kom die bevel. “Voorwaarts mars!”

Nou is die verraderlike klein Fransman Le Clerq voor Tex. Met opset lig Tex sy swaar, vormlose stewel, so in die loop, en dan skop hy met al die krag in hom.

Le Clerq snak na sy asem en steier vooroor grypend na die plek waar die stewel hom getref het. Die manne in die onmiddellike omgewing se oë blink uit hul stowwerige gesigte en hulle weet dat hulle die Amerikaner nog nooit in so ’n bui gesien het nie.

Dan hoor Le Clerq die slepende stem agter hom.

“Dit is maar net die begin, my skapie,” sê die Amerikaner. “Ek het nog ’n paar verrassings vir jou.”

Agt uur en twintig myl later, kom hulle die laaste keer tot stilstand voordat hulle El Kwatra bereik. Hier waar hulle tot stilstand kom, is maar ’n gewone sandvlakte, met rollende sandheuwels, maar nou gooi die duine reeds lang skaduwees voor hulle uit. Elke Legioen-soldaat weet dat hierdie skaduwees lank genoeg is om ’n hele leër Arabiere op te neem wat gereed lê vir ’n hinderlaag.

Nie lank nie, en hulle sal die laaste skof aanpak na die fort, waarvan hulle die garnisoen gaan aflos vir die volgende drie maande. Nog ’n paar uur en dan sal hulle weet wat die hel beteken. Drie maande hier in die fort sal genoeg wees om sowat die helfte van hulle van hul varkies te laat verloor. Hulle sal hier “*cafard*” word, soos die Franse dit uitdruk. Die rede waarom hierdie manne, wat deur die malwurm gebyt word, nie almal amok maak

nie, is dat hulle na gees en na liggaam so swak word dat hulle nie gebore in staat is om iets aan te vang nie.
Pronker sit hier by Tex se kop en hy redeneer en doen sy bes om die lang kêrel om te praat om saam te maak met die drostery.
“Jy weet hoe was dit laaste keer, Tex,” pleit sy landgenoot. “Ons sal moet veg en veg. Waarom nie nou wegspring solank ons nog die krag het nie?”
“Dis seker weer die planne van die Planmaker,” sê Tex en die ou skalksheid is weer in sy stem, hoewel dit nog seer is waar daardie ellendeling hom op die kruis geslaan het. “Hy is altoos vol van die gekste planne...”
Die Planmaker is ’n uitgetrapte kêrel en sy regte naam is eintlik Koskofski. In Amerika het hy assuransie verkoop met die gevolg dat hy geleer het om die meeste mense na sy skemas te laat luister.
“Dalk is die Planmaker nie so gek nie, Tex,” beduie Pronker en hy draai nog ’n los knoop met ’n draadjie vas want hy is die mees gehawende man in ’n regiment van gehawende manne.
Tex soek met sy oë na waar Le Clerq is. Toe hulle tot stilstand gekom het, het hy vinnig gemaak dat hy van die Amerikaner af wegkom. Tex sien dat hy nou in die geselskap is van Trane, die dwerg Duclos en Petrie wat assistent was by die valbyl in Marseille, totdat hy vir homself die wêreld so warm gemaak het dat hy by die Legioen moes kom aansluit. Die Bulgaar is ook daar met sy lelike, verrotte perdetande en sy humeur wat byna heeldag oorkook. En dan is daar die Meisie, La Femme, soos hulle hom noem.

Tex meen dat hy die slegste van die hele boel is want hy is mooi soos ’n bloesende meisie, maar onder daardie masker, agter daardie sagte blou oë, is hy so euwel soos ’n skurk. Daarby is La Femme ’n bullebak. Net, hy is erger as ander bullebakke. Hy bullebak nie mans nie, maar hy bullebak vrouens.

“Daardie Planmaker se kop sit reg op sy skouers,” beduie Pronker weer deur die stilte. “Al die manne wat dros, gaan na die noorde om by die hawe te kom en daar word hulle altyd opgepik. Nou, die Planmaker is nie so onnosel nie. Hy sê ons moet na die suide gaan. Dit is verder, maar dit is veiliger.”

“Na die suide?” sê Tex meteens en hy frons. “Om na die suide te gaan, bring jou nêrens nie, behalwe na die middel van Afrika.”

“Nee,” sê Pronker vinnig en hy is bly dat hy Tex een keer voor is. “Die Planmaker sê ons gaan na die suide en as ons eers by die meer Sjad is, dan is ons veilig in Britse gebied. Maar om noord te loop, beteken net om in die hande van die wagtende militêre polisie te gaan vasloop.”

“Die Planmaker is van sy varkies kwyt, Pronker... luister nou na my... Hy is nie ’n slegte vent nie, maar hy hou hom altyd so slim soos die houtjie van die galg. Maar die ou ram wat jy moet dophou, is daardie Louis Kameel.”

“Hy is nie sleg nie, Tex. Hy raak sommer maklik opgewonde, maar ek dink nie hy is te sleg nie. Tex, vir die laaste maal...”

Opeens sien Tex beweging in die klein groep ’n entjie van hulle af en tegelykertyd sukkel hy orent en met die opstaan sê hy.

“Ek sê nee, pampoenkop... die meer Sjad is ’n ronde vyftienhonderd myl hiervandaan.”
“Daar is ’n karavaanroete,” probeer Pronker nog weer en staan op, langs Tex. Hulle twee loop na die groepie in die sand en net as hulle daar kom, skreeu iemand. Dit is die Fransman Le Clerq.
Hy swaai op sy tone in die rondte, sy gesig, verwronge van die pyn, in die aandlug omhoog gedraai, sy mond groot oop en hy skreeu die skreeu van ’n man wat voel dat die dood hom beet het. Sy maats het skielik opgevlieg en verdwyn asof hulle geskrik het vir wat hulle sien.
Dwarsdeur die linies spring manne orent en gryp hul Lebel-gewere omdat hulle juis skrikkerig is vir ’n Arabier aanval hierdie tyd van die aand. Die offisiere spring in hul saals en sersant-majoor Ransconi skreeu onmiddellik van woede. Sersante en korporaals hardloop heen en weer om te probeer vasstel waar die geskreeu vandaan kom.
Tex steek vas, nie verder as twaalf treë van die half besete Le Clerq af nie. Hy sien hoe dat skuim voor sy skreeuende mond bol.
Toe spring Le Clerq weg en kies die woestyn net toe twee brandwagte op die westelike vleuel deur Arabiere platgeskiet word wat in die skaduwees nadergekruip het.
Le Clerq steier weg en binne ’n paar oomblikke word hy opgeneem deur die diep purper van die woestyn-aand.

# Hoofstuk 2

Daar is die skemer en Arabiere wat na die weste toe teen die duin afgly waarteen die wind die sandrimpels gemaak het en Le Clerq wat skreeuende en steierende die woestyn binnegaan en niemand weet waarom nie, behalwe daardie steels groepie wat netnou so vinnig opgebreek het.

Tex staan daar terwyl die sersant-majoor aangery kom en dan sien hy skielik die beweging op die sand, die lemoenkleurige karteling oor die sand wat nou soos sy geword het. Hy kyk daarna, totdat dit onder die sand ingaan en stil word, maar die gekartelde riffeling is heeltemal duidelik, net onder die oppervlakte van die sand.

Trane staan daar en wys met sy vinger en roep uit.

“Clerq is klaarpraat... Daardie ding het hom gebyt terwyl ons gerus het...”

Tex verstar ’n bietjie en hy kyk vinnig na Trane.

Die sersant-majoor skreeu vir Le Clerq.

“Kom hier... kom terug... Maar hy kom nie terug nie. Hy val vooroor in die sand en skop effens en dan word hy geleidelik stil daar op die sand.

“Hy is ’n vark en ’n bobbejaan!” bulder die sersant-majoor... “Net ’n onnosel soos hy sal op ’n sand-adder gaan lê!”

Dan swaai hy sy perd om en gaan terug na waar die onder-offisiere op die manne skreeu om gereed te maak vir ’n geveg.

Petrie stamp met sy voet op die adder wat nou onder die sand opgerol lê en die slang, sterwende, kronkel uit die sand. Tex loop daarheen en daar is andere wat die slot

toneel aanskou, soos Trane wat uit sy linkeroog huil, die meisie, sy lippe opgetrek van afsku en Duclos, grynsend asof ’n slang hom gepik het. Die Bulgaar staan op ’n paar treë en dit lyk of sy gesig tevrede is, want hy glimlag effens met sy lelike mond en Tex merk dit op.

Dit is maar die gewone aanval deur die gewone getal Arabiere. In die afgelope jaar is elke enkele mag wat die garnisoen kom aflos het, deur die Arabiere aangeval. Maar elke keer word die aanvalle sterker en van die kus af is daar berigte dat die rusteloosheid onder die verskillende stamme aan toeneem is en dat ’n groot botsing enige oomblik kan opvlam.

Le Clerq wat daar in die halfdonker in die sand lê, word vergeet en die manne kniel op die klein maanhaar waar hulle kom lê en rus het, hul Lebel-gewere stil in hul hande, hul vingers aan die snellers.

Tex is tussen sy Amerikaanse makkers en Pronker lê en maak kwinkslae teenoor Louis Kameel. Bonaparte dink ’n bietjie, maar hy wil reageer as die bevel kom om te skiet. En Koskofski, die Planmaker, dink vinnig aan ’n plan in geval die Arabiere hulle vang.

Die Arabiere maak hul verskyning op die ruggie na die weste en daar is sowat drie-of vierhonderd, wit en regop in hul saals. Hulle maal in die rondte en hul gebabbel is hoorbaar.

Hierdie Arabiere, dink Tex, maak altyd dieselfde foute. Pleks dat hulle uit die staanspoor skietende storm, hou hulle eers luidrugtig kajuitraad en praat mekaar moed in. Maar binne enkele sekondes sal hulle skreeuende aangestorm kom. Hulle sal dapper en roekeloos veg, maar